AfriForum

# VUURWAPENEIENAARS:

## Wenke en antwoorde op gereelde vrae

April 2023






LEUPOLD









# INHOUDSOPGAWE

**WENKE VIR VUURWAPENEIENAARS** ... 4

Watter voorwerpe word as vuurwapens beskou? ... 4

Aansoek om lisensies ... 4

Lisensies ... 4

Berging ... 5

Onderhoud ... 5

Ammunisie ... 6

Die dra en vervoer van vuurwapens ... 6

Die gebruik en afvuur van vuurwapens ... 7

Ander belangrike sake ... 8

**GEREELDE VRAE EN ANTWOORDE** ... 10

Verlore wapens en lisensies ... 10

Lisensies ... 10

Berging van wapens ... 10

Dra en gebruik van vuurwapens ... 11

Konfiskering van vuurwapens ... 12





# WENKE VIR VUURWAPENEIENAARS

## WATTER VOORWERPE WORD AS VUURWAPENS BESKOU?

### 1. ’n Voorwerp is ’n vuurwapen as:

- die voorwerp ontwerp of gebou is om ’n projektiel deur die loop te skiet met behulp van ’n brandende dryfmiddel met ’n trompspoed van meer as 8 joules (6 voetpond)
  en/of
- die voorwerp ontwerp of gebou is om randvuur-, middelvuur- of slagvuurammunisie af te vuur;
- die voorwerp vinnig en maklik aangepas kan word om te voldoen aan die beskrywing van ’n vuurwapen soos hierin uiteengesit;
- die voorwerp gebou is om ’n projektiel van .22-kaliber of hoër teen ’n trompspoed van meer as 8 joules (6 voetpond) deur middel van saamgepersde gas te skiet; of
- die loop, raam of romp van enige van dié voorwerpe.

## AANSOEK OM LISENSIES

### 2. Vermy kortpaaie

Die koste, frustrasie en administratiewe rompslomp, asook die onredelike tydsverloop wat met die bevoegdheids-, lisensie- en hernuwingsaansoek gepaard gaan, kan mens tot raserny dryf. Dit mag aantreklik lyk om beamptes om te koop, maar moet liewer nie tot dié versoeking ingee nie. Die moeilikheid wat jy op die hals kan haal, is wesenlik.

### 3. Wees diplomaties, geduldig en ordentlik met die SAPD-beampte wat met jou vuurwapenaansoeke werk

Al is dit hóé moeilik, moet geduld en beleefdheid seëvier. Jy sal baie verder kom deur beamptes ordentlik te behandel. Hulle is gewoond daaraan dat mense ongeskik is en koester daarom ook geen begeerte om ekstra moeite te doen nie. Indien jy vriendelik is en hulle beleefd hanteer, kan dit jou goed te pas kom.

## LISENSIES

### 4. Groen lisensie

**Indien jy ’n groen lisensie het , word jy steeds – hangende verdere samesprekings – geag in wettige besit van jou vuurwapen te wees** soos per ’n bestaande tussentydse hofbevel.

### 5. Wit kaartlisensie

As jou wit kaartlisensie verval het, kan jy dit nie hernu nie. **Jy kan egter van voor af vir die lisensie aansoek doen sonder om die vuurwapen te moet inhandig**. Kontak gerus jou naaste polisiekantoor vir meer inligting.

### 6. Meer as een persoon mag ’n lisensie vir dieselfde wapen hê in sekere omstandighede

Artikel 12 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens 60 van 2000 skep die geleentheid vir ’n sogenaamde addisionele lisensie. Indien ’n man dus ’n vuurwapen het waarvoor hy ’n geldige lisensie het, kan sy vrou ook ’n lisensie vir dieselfde vuurwapen bekom, mits hulle op dieselfde perseel woon.

### 7. Hernuwing van vuurwapenlisensies

Artikel 24 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens bepaal dat mense wat hul vuurwapenlisensies wil hernu dié aansoeke ten minste **90 dae voordat die lisensie verval** by hul naaste polisiekantoor moet inhandig.

## BERGING

### 8. Maak seker dat jou kluis aan die toepaslike wetgewing se vereistes voldoen

Regulasie 86 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens vereis dat die kluis:

1. uit staal moet bestaan wat ten minste 2 mm dik is;
2. groot genoeg is dat die vuurwapen in die kluis kan inpas en doeltreffend daarin toegesluit kan word;
3. ’n integrale sluitmeganisme moet bevat;
4. ’n skarniermeganisme moet hê vir die deksel of deur van die kluis met die vermoë om toe en gesluit te bly, al word die sluitpen verwyder; en
5. van só aard wees dat dit na behore aan ’n struktuurmuur of aan die grond vasgesit kan word.

### 9. Stoor in stukke

Wanneer jy jou vuurwapen (veral jou jaggewere) vir lang tydperke in jou kluis stoor, is dit raadsaam om dele (byvoorbeeld die slot) uit die wapen te verwyder en elders in die kluis te berg. In die onbenydingswaardige geval dat die kluis oopgebreek word om wapens te steel, kompliseer dit die poging beduidend. Al word een van die gewere gesteel, sal dit in elk geval nie sonder die slot gebruik kan word nie.

## ONDERHOUD

### 10. ’n Skoon vuurwapen is ’n betroubare vuurwapen

Maak seker dat jou vuurwapen skoon en geolie is, en dat dié toedrag van sake die norm bly. **Jy kan nie bekostig dat jou vuurwapen stoor wanneer jy dit die nodigste het nie.**

### 11. Oefen gereeld met jou vuurwapen

Ondergaan verdere opleiding, skep scenario’s vir jouself en raak gewoond aan jou vuurwapen in alle opsigte en omstandighede. Moenie jouself in omstandighede bevind waar jy huiwer of twyfel as jy jou vuurwapen moet gebruik nie.

### 12. Oor- en oogbeskerming

Geluide van 120 dB en hoër kan onmiddellike skade aan jou gehoor veroorsaak. Die geluid van ’n handwapen wat skiet is tussen 165 en 167 dB luid. Oë en oorbeskerming is ononderhandelbaar. Hoewel ordentlike uitrusting duur kan wees, is dit die belegging werd. **Moenie eendag in ’n situasie wees waar jy “het ek maar”-frases in dié verband uiter nie.**

### 13. Verseker jou vuurwapens

Mens vergeet maklik dat jy jou vuurwapens

kan – en moet! – verseker. Kontak gerus jou makelaar of versekeringsmaatskappy vir meer inligting.

## AMMUNISIE

### 14. Beperkings op die tipe ammunisie

**Gebruik die volgende maatstaf**: Indien 'n spesifieke soort ammunisie beskikbaar is om op die mark te koop (vernaamlik by jagwinkels en ander dergelike plekke) is dit hoogs onwaarskynlikheid dat dié ammunisie verbode sal wees.

### 15. Ammunisie vir aandenkings

- Jou kind wil sy eerste jaguitstappie onthou en neem een van die .308-patrone uit die geweer waarmee hy sy bok geskiet het as aandenking om op sy kas uit te stal.
- 'n Oudsoldaat het een van die vyand se AK-47-ammunisie as herinnering geneem en stal dit in sy kroeg uit.
- 'n Man stap op 'n gasteplaas en tel 'n .303-patroon op wat blykbaar uit die Anglo-Boereoorlog dateer, en neem dit saam om sy vermoedens by 'n deskundige te bevestig.

Al lyk hierdie scenario's heel onskuldig, kom dit egter op misdrywe neer. Artikel 90 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens bepaal dat dit **'n misdryf is om in besit te wees van ammunisie waarvoor jy nie 'n vuurwapenlisensie of ander magtiging het nie**.

### 16. Goedkoop koop kan duurkoop raak

Wees versigtig om ammunisie teen spotgoedkoop pryse te koop by iemand of 'n onderneming wat jy nie goed ken nie. **Swak gelaaide of substandaard ammunisie kan jou vuurwapen onherstelbaar beskadig** en selfs jou eie lewe in gevaar stel. Wees eerder oorversigtig.

## DIE DRA EN VERVOER VAN VUURWAPENS

### 17. Dra jou vuurwapen op die voorgeskrewe wyse

Dit is 'n **strafregtelike oortreding** om nie jou vuurwapen te dra soos vereis deur artikel 84 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens nie. Artikel 84 bepaal onder meer dat 'n handwapen in 'n skede of soortgelyke omhulsel gedra moet word wat ontwerp, aangepas of vervaardig is vir die dra van 'n vuurwapen **aan die persoon**. Alternatiewelik kan die vuurwapen in 'n rugsak of soortgelyke sak of tas gedra word. Hierbenewens **moet die vuurwapen in sy geheel bedek wees** en die persoon wat die wapen dra, moet **doeltreffende beheer oor die wapen kan uitoefen**.

### 18. In watter stand moet ek my handwapen dra?

Dra ek my handwapen met patroon in die kamer en oorgehaal, gereed om dit net te trek en te skiet? Of só dat ek die handwapen eers moet span voor die handwapen skerp (Engels: *live*) is?

Dit hang van persoon tot persoon af. Al vereiste is dat die onderskeie stande gereeld geoefen moet word om te verseker dat jy die handwapen **doeltreffend en veilig kan gebruik.**

### 19. Die vervoer van die vuurwapens as jy wil gaan jag of sportskiet

1. Maak seker dat die vuurwapen in 'n **geweerkas, sak of iets soortgelyks is** wat aangepas of gebou is om die wapen tydens die vervoer daarvan te huisves (artikel 84 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens).
2. Maak seker dat jy jou lisensie altyd by jou het om komplikasies te vermy (artikel 107 van die Wet).

3. **Moenie jou vuurwapen in ’n ander voertuig laat vervoer as die een waarin jy self is nie! Dit is ’n strafregtelike oortreding ingevolge artikel 3 van die Wet.**

## DIE GEBRUIK EN AFVUUR VAN VUURWAPENS

### 20. Onthou die vier goue reëls van vuurwapengebruik!

1. Hou die geweer altyd só dat dit in ’n **veilige rigting** gerig is.
2. Hou jou **vinger van die sneller af** totdat jy gereed is om te skiet.
3. Moet nooit die geweer **op iets of iemand rig** wat jy nie bereid is om te skiet nie.
4. Hanteer altyd die vuurwapen asof dit **skerp** (Engels: *live*) en **gevaarlik** is.

### 21. Jy kan in noodweer of selfverdediging optree as –

- die aanval teen jou of ’n ander persoon **onwettig** (wederregtelik) is;
- die aanval teen jou of ’n ander persoon **onmiddellik dreigend** is;
- die aanval teen jou of ’n ander persoon dreigend of aan die gang is, maar nog nie **afgeloop het nie**; of
- daar ’n **redelike verhouding** tussen die aanval op jou of ’n ander persoon en jou afweerhandeling is.

### 22. Jy mag enige vuurwapen tot jou beskikking aanwend om jouself en/of jou gesin in jou huis te beskerm

Jy mag onder dié omstandighede die vuurwapen gebruik wat die maklikste bereikbaar is. Daar rus geen verpligting op jou om jou kosbare sekondes te mors op soek na die “regte” vuurwapen wat “korrek” gelisensieer is om die aanval op jou en jou gesin mee af te weer nie. **Dit bly ’n noodsituasie en die howe beskou dit so.**


### 23. Kan ek myself met ’n ander persoon se vuurwapen verdedig?

Indien ek daarin slaag om ’n misdadiger se vuurwapen by hom/haar af te neem, of indien iemand langs my raakgeskiet word en sy/haar vuurwapen laat val, sal ek in die moeilikheid kom as ek myself met dié vuurwapens verdedig?

Indien die bogenoemde gebeur, bevind jy jouself in ’n **noodtoestand**. Sou jy vuurwapens tot jou beskikking gebruik om jou eie of iemand anders se lewe te beskerm, is die belang wat jy beskerm meer werd as die oortreding en jy sal nie suksesvol vervolg kan word nie.

### 24. Om jou vuurwapen op iemand te rig, is ’n kriminele misdryf, maar ...

Artikel 120(6) van die Wet op die Beheer van Vuurwapens belet die rig van ’n vuurwapen op ’n ander persoon, **behalwe as daar ’n goeie rede is.** Indien jy dus ’n goeie rede het om jou vuurwapen op iemand te rig, byvoorbeeld ’n inbreker in jou huis, is dit baie onwaarskynlik dat jy suksesvol vir dié misdryf vervolg sal word.



### 25. Waarskuwingskote:

Daar **rus geen verpligting** op jou om in noodweer of selfverdediging waarskuwingskote af te skiet nie. ’n Dwaalkoeël en/of skrapnel van die waarskuwingskoot kan onskuldige mense se lewens en/of besittings in gedrang bring.

### 26. Die afvuur van ’n vuurwapen in ’n beboude of openbare area is taboe, behalwe ...

Artikel 120(7) van die Wet op die Beheer van Vuurwapens maak die afvuur van ’n vuurwapen in ’n openbare of omboude area ’n strafbare oortreding, **behalwe as daar goeie rede daarvoor bestaan.** Indien jy dus in noodweer optree om jou eie of ’n ander persoon se lewe teen inbrekers in jou huis te beskerm en ’n oor en weer geskiet vind plaas, bestaan daar goeie rede vir die afvuur van jou skote en jy behoort nie suksesvol vir dié misdryf vervolg te kan word nie.

### 27. Ander persone mag met jou vuurwapen skiet

Artikel 22 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens **bepaal dat ’n ander persoon jou vuurwapen mag hanteer en aanwend**, **mits dit onder jou direkte toesig plaasvind**. Boonop moet dit plaasvind waar dit veilig is om te doen en vir ’n regmatige doel.

### 28. Indien jy jouself of iemand anders verdedig, is daar geen skootplasingsvereiste nie

Wanneer jy om jou eie of iemand anders se lewe veg, vol adrenalien is en beswaarlik jou eie asemhaling kan reguleer, is dit onredelik om te verwag dat jy sekure skootplasings moet uitvoer en moet onderskei tussen dodelik en niedodelik skootplasings. **Die howe simpatiseer met dié toedrag van sake en dié vereiste bestaan dus nie.**

### 29. Moenie jou vuurwapen hanteer as jy onder die invloed van alkohol is nie

Artikel 120(4) van die Wet op die Beheer van Vuurwapens bepaal pertinent dat dit **’n misdryf is om ’n vuurwapen te hanteer terwyl jy onder die invloed van ’n narkotiese middel is**. Los jou vuurwapen in die kluis as jy van plan is om te drink – al is dit net een drankie.

## ANDER BELANGRIKE SAKE

### 30. Verwittig die SAPD op die voorgeskrewe wyse as jou woonadres verander

Artikel 25 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens vereis dat jy die SAPD van jou adres verwittig **binne 30 (Dertig) dae vandat jy getrek het**. Maak seker dat die polisiekantoor jou van ’n bewys voorsien dat jy die kennisgewing ingehandig het om te bewys dat jy as sulks gehandel het.

### 31. Bemagtig jouself voortdurend deur op hoogte te bly van veranderinge aan en interpretasies van heersende toepaslike wetgewing

Sluit aan by gesaghebbende aanlyn groepe en hou hul plasings gereeld dop. Vra as jy iets nie verstaan nie. Onthou: “Ek het nie geweet nie” geld nie as verweer nie.

### 32. Praat gereeld oor vuurwapenverwante sake

Bespreek wysigings en verwikkelinge gereeld met jou vriende en familie. Vra ook lukraak van tyd tot tyd wanneer hul lisensies verval. **Bemagtig mekaar deur kennis oor te dra**.

## 33. Oorweeg ander opsies as om jou vuurwapen te vernietig

Daar is vuurwapeneienaars wat nie meer kans sien vir die administrasie en verantwoordelikheid wat met vuurwapenbesit gepaard gaan nie. Hierdie eienaars kies dan die pad na die naaste polisiekantoor en handig hul vuurwapen in om vernietig te word. **Doen eerder navraag en skenk die vuurwapen aan iemand wat graag een wil besit en nie noodwendig een kan bekostig nie.**

## 34. Bufferplakkers kan jou 'n teiken maak

Dink twee keer voor jy jou vuurwapen, teleskoop of ander toebehore se handelsmerke op jou voertuig plak vir almal om te sien. **Moenie adverteer dat jy 'n vuurwapen het nie.** Dit kan moontlik maak dat jy, sonder dat jy dit bedoel, jouself en jou familie onnodig blootstel aan booswigte wat jou vuurwapen wil roof.

## 35. Moenie drink en bestuur nie

Al is dit net een drankie, kan dit veroorsaak dat jou bloedalkoholvlak bo die toegelate vlak is. Indien jy skuldig bevind word, kan die hof jou ingevolge van artikel 103 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens onbevoeg verklaar om 'n vuurwapen te besit. Dit is nie die risiko werd nie.

## 36. Moenie in vuisgevegte betrokke raak nie

Indien 'n hof jou skuldig bevind aan 'n klag van aanranding of enige ander misdryf wat geweld as 'n element het, kan die hof jou ingevolge artikel 103 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens 60 van 2000 **onbevoeg verklaar om 'n vuurwapen te besit**. Dit is eenvoudig nie die moeite werd om al jou vuurwapens te moet prysgee omdat jy in 'n oomblik van woede oorreageer het nie.



# GEREELDE VRAE EN ANTWOORDE

## VERLORE WAPENS EN LISENSIES

### 37. Ek het my vuurwapen verloor. Wat nou?

Artikel 120(11) van die Wet op die Beheer van Vuurwapens bepaal dat dit **'n misdryf is om nie binne 24 uur nadat jy besef het dat jy jou vuurwapen verloor het dié verlies by die SAPD aan te meld nie**. Indien die verlies van die vuurwapen aan nalatigheid te wyte is, bepaal artikel 120(8) van dié wet dat jy daarvoor vervolg kan word.

### 38. Wat moet ek doen as ek my lisensie verloor het?

Artikel 29 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens bepaal dat jy dit binne 24 uur nadat jy daarvan bewus geword het by die naaste polisiekantoor moet aanmeld. Daarna kan jy vir 'n nuwe lisensiekaart aansoek doen.

## LISENSIES

### 39. Ek het my hernuwingsaansoek betyds ingedien, maar my lisensie het intussen verval en ek wag steeds vir my nuwe lisensiekaart. Kan ek steeds my vuurwapens dra en/of gebruik?

Artikel 24 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens bepaal dat **jou lisensie geldig bly tot en met die aansoek afgehandel is**, mits jy die hernuwingsaansoek betyds ingedien het. Jy kan jou vuurwapens dus soos altyd gebruik, mits jy sowel die ou lisensiekaart as die indieningsbewys wat jy by die polisiekantoor gekry het by jou het as bewys dat jy die aansoek betyds ingedien het.

### 40. Het ek 'n nuwe lisensie nodig vir die sogenaamde RONI-toebehore?

Nee. Dié toebehore is bykomend tot die handwapen sonder om die hooffunksionaliteit daarvan te verander. Jy kan dus RONI-toebehore koop en aanwend **sonder 'n bykomende of nuwe lisensie.**

## BERGING VAN WAPENS

### 41. Hoe gemaak met boedelwapens? Kan ek as erfgenaam of familielid dit by my hou tot tyd en wyl die boedel afgehandel is?

**Die enigste persoon wat hangende die afhandeling van die boedel in besit van die boedelwapens mag wees, is die aangestelde boedeleksekuteur**. Dit gebeur baie dat die eksekuteur egter nie die vuurwapens by hulle wil stoor nie, en die wapens word dan na 'n wapenwinkel of soortgelyke plek geneem en teen 'n maandelikse fooi gestoor.

### 42. Kan ek 'n vriend of familielid se wapen namens hulle in my kluis stoor?

Jy mag slegs iemand anders se gelisensieerde vuurwapen in jou kluis stoor as daar voldoen word aan die regulasie 86(4) van die Wet op die Beheer van Vuurwapens. Die vereistes is:

1. Die persoon wat die vuurwapen stoor, moet oor 'n **vuurwapenlisensie beskik**.
2. Die eienaar van die vuurwapen moet **skriftelike toestemming** gee en dié toestemming moet deur die naaste polisiekantoor op die voorgeskrewe vorm goedgekeur word. Dié vorm moet die volle besonderhede bevat van die vuurwapen, die eienaar daarvan en die persoon wat die vuurwapen gaan stoor, asook die rede daarvoor en die tydperk.
3. **Slegs die persoon wie se vuurwapen dit is,** mag die vuurwapen na en vanaf die kluis vervoer.
4. **Slegs die eienaar** van die vuurwapen mag dit uithaal, gebruik en weer bêre.



**43. Gestel ek verkoop of skenk my vuurwapen aan iemand anders. Mag ek solank die vuurwapen aan dié persoon gee hangende die aansoek?**

Nee. Jy sal die vuurwapen in jou besit moet hou tot tyd en wyl die voornemende eienaar vir jou die geldige lisensiekaart kom wys, waarna jy dit aan hulle kan oorhandig. Indien jy die vuurwapen voor die tyd vir hulle gee, is hulle in besit van ongelisensieerde vuurwapens – wat sowel hulle as jou in diep moeilikheid kan laat beland ingevolge artikel 3 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens.

## DRA EN GEBRUIK VAN VUURWAPENS

**44. My werksplek weier dat ek my vuurwapen op die perseel bring. Mag hulle?**

'n Werkgewer mag hul beleid in dié verband uitvaardig en afdwing. Baie werksplekke het soortgelyke beleide in plek, maar voorsien kluise aan die werknemers om hul vuurwapens in te bêre tot aan die einde van die werksdag. Indien die werkgewer egter nie so meelewend is nie, sal jy maar verlief moet neem met die feit dat jy die vuurwapen tuis in die kluis sal moet agterlaat as jy moet werk toe gaan.

**45. Mag ek buurtwagpatrollie met my gelisensieerde vuurwapen ry?**

Ja. Artikel 13 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens bepaal dat jy die vuurwapen kan gebruik vir 'n regmatige doel en waar dit veilig is om te doen. **Dit sal altyd 'n regmatige doel wees om jouself of iemand anders binne die raamwerk van die wet tydens 'n gemeenskapspatrollie te verdedig.**

**46. Mag ek my eie vuurwapen gebruik as ek vir 'n sekuriteitsmaatskappy werk?**

Nee. Regulasie 13(6) van PSiRA-wet (wet 56 van 2001) bepaal pertinent dat iemand wat op aktiewe diens vir 'n sekuriteitsmaatskappy is geen ander vuurwapen in hul besit mag hê anders as 'n vuurwapen wat deur die sekuriteitsmaatskappy self uitgereik word nie.

**47. Is daar hoop as jy jouself of iemand anders binne die raamwerk van die wet teen misdadigers verdedig het?**

Ja! Indien jy binne die raamwerk en volgens die definisie van noodweer opgetree het om jouself, jou familie of iemand anders teen misdadigers te beskerm, sal AfriForum jou ondersteun as die staat besluit om jou te vervolg.

**48.** **Moet ek vlug van omstandighede wat my lewe in gevaar stel?**

**Dit is altyd die beste om jouself en jou familie uit omstandighede te verwyder wat julle lewe bedreig.** Dit is egter nie altyd moontlik nie. Vlug dus waar en wanneer jy kan van die moeilikheid weg, maar net as dit omstandighede nie nóg gevaarliker gaan maak nie. Die howe simpatiseer ook meer met mense wat eers uit die omstandighede probeer vlug het voordat hulle drastiese stappe gedoen het om hul lewens te beskerm.

Een van die uitsonderings in dié verband is egter jou huis. Daar word glad nie van jou verwag om met jou familie uit jou huis te vlug nie, en is dit aanvaarbaar om jou man in jou eie huis te staan.


## KONFISKERING VAN VUURWAPENS

**49.** **Kan die SAPD my vuurwapen gedurende 'n padblokkade konfiskeer?**

Artikel 107 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens bepaal dat vuurwapeneienaars wat hul vuurwapen by hulle het, op versoek van die beampte sowel dié vuurwapen(s) as die lisensie(s) van die vuurwapen vir inspeksie aan die beampte moet oorhandig. Die vuurwapen(s) en lisensie(s) moet ná die inspeksie aan die eienaar teruggegee word. Indien die eienaar egter nie die lisensie kan oorhandig vir inspeksie nie, kan die beampte die vuurwapen(s) in bewaring hou totdat die eienaar die lisensie(s) kan toon.

# AS JY TWYFEL, VRA!

Stuur gerus 'n e-pos na **navrae@afriforum.co.za** as jy enige vrae oor vuurwapens het.







AfriForum